Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

## EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE

**Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za**

# 2023 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS FAL** | | |
| **QUESTION PAPER** | 1 | **2** √ | 3 |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **2H30** | | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **DATES OF MARKING** | **04 DECEMBER 2023 – 19 DECEMBER 2023** | | |


## SECTION 1: (General overview of Learners Performance in the question paper as a whole)

Die vraestel het ten volle aan die voorskrifte van die KABV-beginsels voldoen. Alle kognitiewe vlakke is gedek en die eksamenriglyne is gevolg. Die hoogste punt uit 70 was 68 en hierdie was 'n kombinasie van *Lien se lankstaanskoene* en Gedigte. Die laagste punt was 0 uit 70. Hierdie was weens die kandidaat wat geen vrae beantwoord het nie. 'n Algemene probleem is verkeerde keuses wat in *Kringe in 'n bos* en *Meeulanders* gemaak word.


Die oorgrote meerderheid van die kandidate beskik nie oor die nodige woordeskat nie en verstaan dus nie die vrae nie of interpreteer dit verkeerd. Dit is duidelik in hul antwoorde dat hul sukkel om hulself in Afrikaans uit te druk.

Dit was 'n billike vraestel en kandidate het oor die algemeen beter in *Lien se lankstaanskoene* gevaar.

'n Lukrake opname van 100 skrifte het die volgende **gemiddelde punte per vraag** bewys:




'n Opname van 87.5 % het die volgende getoon in terme van hoe die verskillende boeke gevaar het:



**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

| **QUESTION 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee** |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| Baie min kandidate het die vraag beantwoord en dit wil voorkom asof skole nie meer hierdie roman behandel nie. Sommige kandidate het nie die instruksies gevolg nie en het die hele vraestel beantwoord en omdat hierdie vraag eerste op die vraestel is, het hul daarmee begin. Die vraag was baie swak beantwoord. |
| **(b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| - Dit is moeilik om spesifieke vrae uit te lig omdat die kandidate in al die vrae swak gevaar het.<br>- Geen skrif het getoon dat die boek deur enige kandidaat behandel is nie.<br>- Kandidate het nie die nodige woordeskat om die vrae te beantwoord nie. |
| **(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
| - Kandidate moet eerder nie hierdie roman behandel nie. Dit het 'n moeilike storielyn om te volg.<br>- Verskil-vrae ("Joram" en "Matiens", bv. by vraag 1.16): Kandidate moet in hul antwoorde na "Joram" en na "Martiens" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee name neer te skryf.<br>- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die roman sonder om na die inhoud of prent te verwys.<br>- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.<br>- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.<br>- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.<br>- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie. |
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| - Die inhoudsopgawe en die formaat van die vraestel moet deur die onderwysers met die leerlinge bespreek word om sodoende verkeerde keuses uit te skakel.<br>- Vakadviseurs kan skole aanmoedig om 'n alternatiewe boek te behandel en die nodige ondersteuning bied.<br>- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om blootgestel te word aan die standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling. |

| QUESTION 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| - Slegs drie sentrums het hierdie vraag beantwoord.<br>- Die kandidate het redelik gevaar. |
| (b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions. |
| - Kandidate ken die inhoud, maar lees nie die vraag reg nie. Hulle het dus kennis, maar sukkel met interpretasie.<br>- 2.2 Kandidate het "fliek" in plaas van "TV-rol" geskryf.<br>- 2.3 "Gevolg van Margot se besoek" – nie baie kandidate het die vraag reggekry nie, want hul weet nie wat "gevolg" beteken nie. Hul verwar "gevolg" met "reaksie".<br>- 2.4.1 en 2.4.2 Kandidate ken nie die verskil tussen "sarkasties" en "ironie" nie en sukkel met die konsep van "ironie". Die vraag is 'n koppelvraag wat beteken hul het vraag 2.4.2 verkeerd gekry as die verkeerde keuse in 2.4.1 gemaak is.<br>- 2.6 Kandidate wys nie die verskille uit nie en noem slegs feite oor die twee karakters.<br>- 2.8 Die fokus van die vraag is "Wat sou jy **anders** gedoen het?" Die kandidate beantwoord die vraag buite konteks.<br>- 2.16 Die kandidate het nie die woord "onwaarskynlike" verstaan nie.<br>- 2.18 Die kandidate het gesukkel om die vraag uit die perspektief van die skrywer te beantwoord. |
| **(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
| - Onderrig konsepte soos verskil, ironie, beeldspraak, figuurlike betekenis, ruimte, konflik en simboliek.<br>- Onderrig hoe om vrae te interpreteer en binne 'n bepaalde konteks te beantwoord.<br>- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om kandidate aan die verskillende tipes vrae bloot te stel.<br>- Die teks bly die hoofbron wat in die klaskamer behandel moet word, maar die fliek sal help om Hanna se alter-ego beter te verstaan.<br>- Verskil-vrae ("Mana" en "Margot", bv. by vraag 2.6): Kandidate moet in hul antwoorde na "Mana" en na "Margot" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee name neer te skryf.<br>- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die roman sonder om na die inhoud of prent te verwys.<br>- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.<br>- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.<br><br>- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die |

vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.

- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Woordeskat is 'n probleem en kandidate sukkel dus om hulself uit te druk en gebruik Engelse woorde wat nie deel van die teks is nie. Vaslegging van woordeskat in die roman is belangrik.

**QUESTION 3: MEEULANDERS – Esta Steyn**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Kandidate het baie swak in hierdie vraag gedoen.
- Dit wil voorkom of hierdie vraag nie deur die skool behandel is nie.
- Kandidate het hierdie vraag weens verkeerde keuses beantwoord waar 'n poging aangewend is om die hele vraestel te beantwoord.

**(b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

3.2.1 - Kandidate weet nie wat "ruimte" beteken nie. Hulle het dit verwar met *rym*.

3.3 - Die "gevolg"-vraag is swak beantwoord omdat die kandidate nie die inhoud van die boek geken het nie.

3.10 – Die volgorde-vraag is swak beantwoord wat weereens 'n aanduiding was dat die kandidate nie die inhoud van die boek onder die knie gehad het nie.

3.12 1 – Die kandidate het nie die woord "beeldspraak" verstaan nie.

3.18 - Kandidate het gesukkel om die vraag uit die skrywer se perspektief te beantwoord.

**(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Onderrig konsepte soos ruimte, gevolg, beeldspraak, figuurlik, konflik, simboliek en verskil asook skrywerstegnieke soos karakterisering en woordgebruik.
- Leerders moet die inhoud van die roman deeglik ken om volgorde-vrae en gevolg-vrae te beantwoord.
- Goeie vaslegging van die woordeskat in die roman is belangrik.
- Verskil-vrae ("Jacob" en "Jannerik", bv. by vraag 3.8): Kandidate moet in hul antwoorde na "Jacob" en na "Jannerik" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee name neer te skryf.
- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die roman sonder om na die inhoud of prent te verwys.
- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Die inhoudsopgawe en die formaat van die vraestel moet deur die onderwysers met die leerlinge bespreek word om sodoende verkeerde keuses uit te skakel.
- Vakadviseurs kan skole aanmoedig om 'n alternatiewe boek te behandel en die nodige ondersteuning bied.
- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om blootgestel te word aan die standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling.

**QUESTION 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Kandidate het oor die algemeen goed in hierdie vraag gevaar. Naas *Fiela se kind* is *Lien se lankstaanskoene* die tweede gewildste boek. Hierdie boek het die beste gevaar. Die punte het gewissel van uitstekend tot swak.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

4.1 Spelling baie swak. Engelse woorde word gebruik, bv. *Jacaranda* i.p.v. "Jakaranda". Kandidate het gesukkel om die korrekte woord by die paragraaf te laat inpas.

4.2 Kandidate het gesukkel om die figuurlike betekenis van die uitdrukking te verduidelik. Kandidate het bv. net die verduideliking omgeswaai en geskryf "Jy kan nie letterlik 'n panty kou nie" i.p.v. om 'n gepaste motivering te gee.

4.3 Kandidate het nie uit Sally se oogpunt geskryf nie, maar eerder uit Lien se oogpunt. Hulle het ook eerder 'n algemene opinie oor die verhouding tussen Sally en Lien gegee.

4.9 Kandidate het "anders" misgelees en in hul antwoorde genoem dat hulle dieselfde as Miemie sou doen.

4.10 Kandidate het hierdie vraag as 'n "Wat leer jy by Lien?" / Les-vraag geïnterpreteer i.p.v. om Lien se slegte voorbeeld uit te lig.

4.13 Kandidate het gesukkel om "stylfiguur" te verstaan. Aangesien vraag 4.13.2 gekoppel is aan die antwoord by vraag 4.13.1, het baie kandidate hier 2 punte verloor.

4.15 Sommige kandidate het die stelling as hul antwoord herhaal.

4.19.1 Kandidate het nie net na die titel verwys nie, maar ook na die inhoud of prent.

**(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Onderrig konsepte soos ruimte, gevolg, stylfiguur, figuurlik, konflik, simboliek, verskil.
- Leerders moet die inhoud van die roman deeglik ken anders lei dit tot feitefoute wat die res van 'n antwoord kan affekteer.
- Die rol van elke karakter en hul verhoudings met mekaar moet deeglik onderrig word.
- Die beantwoording van koppelvrae en motiveringsvrae moet deeglik onderrig word.
- Verskil-vrae ("hier" en "later", bv. by vraag 4.3): Kandidate moet in hul antwoorde na

"Hier" en na "Later" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee woorde neer te skryf.
- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die roman sonder om na die inhoud of prent te verwys.
- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.
- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.
- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.
- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Onderwysers moet hulself verwittig van wat in die KABV-dokument opgeskryf is in terme van wat in die klaskamer onderrig moet word.
- Die buiteblad van die roman is die beginpunt van die onderrigproses. Onderskei tussen wat die titel wys en wat die prent wys.
- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om blootgestel te word aan die standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling.
- Die teks is steeds die primêre bron en die fliek is slegs aanvullend.

**QUESTION 5: POPPIE - DIE DRAMA – Else Joubert en Sandra Kotze**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Die kandidate het swak gevaar in hierdie drama.
- Die drama is te moeilik vir addisionele taal leerders en moet eerder nie behandel word nie.
- Die kandidate se woordeskat is beperk; dus het hulle gesukkel om die vrae te verstaan en sinvolle antwoorde te verskaf.
- Die kandidate het nie die inhoud goed genoeg geken nie.
- Slegs 3 sentrums het hierdie drama gedoen.

**(b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- 5.1.4 Kandidate het nie verstaan dat 'n datum ingevul moes word nie.
- 5.3 Kandidate het slegs feite oor Stone se werk gegee, en kon nie die verskil in Poppie en Stone se siening weergee nie.
- 5.9 Van die kandidate het die "anders" in die vraag misgelees en het dieselfde stelling

in die vraag herhaal.

- 5.11 Die vraag was swak beantwoord omdat die kandidate nie die inhoud van die drama geken het nie.
- 5.12.1 Die woord "ruimte" was vreemd en kandidate het eerder na *rym* verwys. Omdat hierdie 'n koppelvraag was, het die kandidate ook 5.12.2 verkeerd gekry.
- 5.12.2 Kandidate het geen benul van hierdie vraag gehad nie.
- 5.13.2 Kandidate kon 5.13.1 regkry, maar het gesukkel met die motivering.
- 5.14 Figuurlike betekenis kon nie verduidelik word nie.
- 5.15.2 Kandidate het nie "retoriese vraag" verstaan nie en kon nie die vraag sinvol beantwoord nie.
- 5.16 Die kandidate het nie die storielyn geken nie en kon dus nie die "onwaar" bewys nie.
- 5.18 Die vraag moes binne die konteks van die uittreksel beantwoord word en kandidate het wyer as die uittreksel beantwoord.
- 5.19.2 Die vraag het die kandidate verwar.
- 5.19.3 Kandidate het gesukkel met die vraag omdat hulle nie die storielyn geken het nie.

**(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Onderrig konsepte soos ruimte, gevolg, stylfiguur, figuurlik, konflik, simboliek, verskil asook retoriese vraag.
- Leerders moet die inhoud van die drama deeglik ken om volgorde-vrae en gevolg-vrae te beantwoord.
- Die rol van elke karakter en hul verhoudings met mekaar moet deeglik onderrig word.
- Verskil-vrae ("Poppie" en "Stone", bv. by vraag 5.3): Kandidate moet in hul antwoorde na "Poppie" en na "Stone" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee name neer te skryf.
- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die drama sonder om na die inhoud of prent te verwys.
- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.
- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.
- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.
- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Vakadviseurs kan skole aanmoedig om 'n alternatiewe voorgeskrewe boek te behandel en die nodige ondersteuning bied.

- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om blootgestel te word aan die standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling.
- Die teks is steeds die primêre bron wat onderrig moet word. Die fliek moet slegs as aanvullende bron gebruik word omdat daar verskille tussen die teks en die fliek is.

**QUESTION 6: PALJAS – Chris Barnard**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Die meeste van die kandidate het gemiddelde punte behaal.
- Resultate wissel van redelik swak tot uitstekend.
- Die aantal sentrums wat hierdie boek behandel, het afgeneem.

**(b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- 6.2 Die vraag moes binne die konteks van die uittreksel beantwoord word. Kandidate het egter 'n algemene antwoord oor die ongelukkigheid in die familie gegee.
- 6.3 Die meeste kandidate het 'n feitefout begaan deur te noem dat Hendrik die polisie ***gebel*** het i.p.v. dat hy dorp toe gery het om Willem se verdwyning by die polisie aan te meld.
- 6.10 Die vraag moes binne die konteks van hierdie situasie beantwoord word wat dan na die uittreksel verwys het. Kandidate het egter 'n algemene antwoord gegee oor Manuel se verantwoordelikheid.

- 6.13 Koppelvraag. Kandidate het geen punte verdien indien vraag 6.13.1 inkorrek geantwoord is nie. Vraag 6.13.1 is redelik maklik beantwoord, maar kandidate het gesukkel om die korrekte motivering by vraag 6.13.2 te gee.
- 6.14 Min kandidate het die figuurlike betekenis van die uitdrukking "in sy kanon in" verstaan.
- 6.15 Koppelvraag. Kandidate het geen punte verdien indien vraag 6.15.1 inkorrek geantwoord is nie. Vraag 6.15.1 kon die stylfiguur identifiseer, maar het gesukkel om die korrekte betekenis binne die konteks van die uittreksel te verduidelik.

**(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Onderrig konsepte soos ruimte, gevolg, stylfiguur, beeldspraak, figuurlik, konflik, simboliek, verskil.
- Leerders moet die inhoud van die drama deeglik ken anders lei dit tot feitefoute wat die res van 'n antwoord kan affekteer.
- Die rol van elke karakter en hul verhoudings met mekaar moet deeglik onderrig word.
- Die beantwoording van koppelvrae en motiverings-vrae moet deeglik onderrig word.
- Verskil-vrae ("Hendrik" en "Manuel", bv. by vraag 6.6): Kandidate moet in hul

antwoorde na "Hendrik" en na "Manuel" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee name neer te skryf.

- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die drama sonder om na die inhoud of prent te verwys.
- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.
- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.
- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.
- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om blootgestel te word aan die standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling.
- Die korrekte spelvorm van woorde en karaktername is belangrik aangesien dit die betekenis van antwoorde kan beïnvloed, bv. "toortjies / toere" i.p.v. "toertjies".
- Die teks is steeds die primêre bron wat onderrig moet word. Die fliek moet slegs as aanvullende bron gebruik word omdat daar verskille tussen die teks en die fliek is.

**QUESTION 7: FIELA SE KIND – DIE DRAMA – Dalene Matthee**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Hierdie vraag is die gewildste en daar is 'n toename in die aantal sentrums wat hierdie boek behandel het.
- Punte wissel van redelik swak tot uitstekend.

**(b) Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- 7.1 Sommige kandidate het met die spelvorm van die woorde gesukkel, bv. *Naisna* i.p.v. *Knysna*. Kandidate het gesukkel om die korrekte woord by die paragraaf te laat inpas.
- 7.3 Die meerderheid kandidate het vraag 7.3.1 ("ironie") korrek beantwoord, maar kon nie korrek motiveer by vraag 7.3.2 nie.
- 7.4 Kandidate het hierdie vraag verwarrend gevind. Sommige het die vraag herhaal terwyl ander 'n rede gegee het waarom Lukas weggehardloop het, i.p.v. om die gevolg van Lukas se aksies te gee.
- 7.5 Kandidate het "anders" misgelees en in hul antwoorde genoem dat hulle dieselfde as Lukas sou doen.
- 7.6 Kandidate het die stellings verwarrend gevind en het gesukkel om die situasie by

die boodskap te pas.

- 7.7 Kandidate het na spesifieke take wat Lukas en Nina moes doen, verwys – in plaas van om kommentaar te lewer oor werksetiek. Kandidate fokus op "geletterd" en "ongeletterd".
- 7.11 Kandidate se kennis van die drama het ontbreek. Baie min kandidate kon die volgorde korrek kry.
- 7.12.1 Kandidate het nie na die uittreksel verwys nie.
- 7.13 Kandidate het nie kennis van "stylfiguur" nie. Aangesien die antwoord by vraag 7.13.2 gekoppel is aan vraag 7.13.1, het baie kandidate twee punte verbeur.
- 7.14 Kandidate het weer na die "geld" verwys alhoewel die stelling gesê het "Onwaar".
- 7.15 Aangesien die antwoord by vraag 7.15.2 gekoppel is aan vraag 7.15.1, het baie kandidate twee punte verbeur.
- 7.16 Kandidate het gesukkel om die figuurlike betekenis van die uitdrukking "om sy spaan te vat" te verduidelik.
- 7.19.1 Kandidate het nie net na die titel verwys nie, maar ook na die inhoud of prent.

**(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Verskil-vrae ("Benjamin" en "Nina", bv. by vraag 7.7): Kandidate moet in hul antwoorde na "Benjamin" en na "Nina" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee name neer te skryf.
- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die drama sonder om na die inhoud of prent te verwys.
- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.
- Skole wat hierdie drama bestudeer, moet fokus op die fyner detail van die boek.
- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.
- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.
- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Onderwysers moet hulself verwittig van wat in die KABV-dokument opgeskryf is in terme van wat in die klaskamer onderrig moet word.
- Die buiteblad van die drama is die beginpunt van die onderrigproses. Onderskei tussen wat die titel wys en wat die prent wys.
- Vorige vraestelle is 'n waardevolle bron om blootgestel te word aan die standaard, woordeskat en verskillende tipes vraagstelling.

| |
|---|
| - Die teks is steeds die primêre bron en die fliek is slegs aanvullend. Die ouer fliek-weergawe is meer akkuraat en op die oorspronklike teks gebaseer. Onderwysers moet liefs wegbly van die nuutste fliek-weergawe. |

| **QUESTION 8.1: SPIEELBEELDE 'KOM ONS STUUR VIR TASU' - Maretha Maartens**<br>**QUESTION 8.2: 'GELUK IN ONGELUK' – Thelton Masimila** |
|---|
| **(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?** |
| - Vanjaar was die begin van 'n nuwe stel kortverhale.<br>- Kandidate het oor die algemeen redelik goed tot uitstekend gevaar in hierdie vraag.<br>- Daar was 'n afname in die aantal skole wat hierdie genre behandel het – moontlik omdat dit 'n nuwe stel kortverhale is. |
| **(b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.** |
| 8.1.1 Sommige kandidate het met die spelvorm van die woorde gesukkel, bv. *Evelyn* i.p.v. *Evelina*. Kandidate het gesukkel om die korrekte woord by die paragraaf te laat inpas. 'n Gebrek aan inhoudskennis het veroorsaak dat kandidate by nommer 8.1.1 (c) "wiele" i.p.v. *bande* / *remme* geskryf het.<br>8.1.6 Kandidate het gesukkel om die figuurlike betekenis van "Daar bly tiere diep in hierdie klippe" te verduidelik.<br>8.2.6 Kandidate het gesukkel om by die korrekte antwoord te kom. Hulle het eerder genoem dat Vicky kwaad is omdat Gavin sy vrou wil laat doodmaak.<br>8.2.9 (c) Kandidate het die woord "finaliteit" verwarrend gevind. |
| **(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |
| - Verskil-vrae ("Tasu" en "die ander mense", bv. by vraag 8.1.5): Kandidate moet in hul antwoorde na "Tasu" en na "die ander mense" verwys. Hulle moet aangemoedig word om na beide hierdie karakters / groepe te verwys.<br>- Kandidate moet kan kommentaar lewer oor die titel van die kortverhaal sonder om na die inhoud te verwys.<br>- Kandidate moet aangemoedig word om die uittreksels deeglik te lees en antwoorde op hierdie uittreksel te baseer.<br>- Kandidate moet die onderskeie vrae deeglik lees om by die kern van die vraag te kom.<br>- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.<br>- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie. |
| **(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.** |
| - Onderwysers moet hulself verwittig van wat in die KABV-dokument opgeskryf is in terme |

van wat in die klaskamer onderrig moet word.

- Die inhoud van die verhale moet deeglik vasgelê word aangesien kandidate die verskillende kortverhale, karakters en temas kan verwar.
- Siende dat hierdie nuwe kortverhale is, kan die vakadviseurs 'n leidende rol speel.

**QUESTION 9.1: VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL 'KEN JY DIE SEE…' – Uys Krige**

**QUESTION 9.2: 'SPROEIREEN' – DJ Opperman**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Vanjaar was die begin van 'n nuwe stel gedigte.
- Sommige vrae was uitdagend, maar kandidate het oor die algemeen goed gevaar.
- Kandidate het swakker gevaar in "Ken jy die see" as in "Sproeireën".

**(b)Why were the questions poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- 9.1.1 Hierdie vraag noem spesifiek dat die woorde uit die gedig gehaal moes word. Sommige kandidate het hul eie woorde gebruik, bv. 9.1.1 (d) waar hul "fout" of "tree" gebruik het i.p.v. "misstappie".
- 9.1.6 Kandidate het by die tweede deel van die vraag net vaagweg na die gevare van die see verwys eerder as om die konkrete bewys van Mev. Mathee se situasie te noem.
- 9.1.7 Kandidate het die begrip "retoriese vraag" misverstaan. Hulle het eerder die retoriese vraag aangehaal ("Ken jy die see?") i.p.v. om die gepastheid daarvan te noem.

9.1.8 Kandidate het hierdie vraag baie swak beantwoord en het hulle verwar. Hulle kon nie tussen die klem van "nog" en die klem van "jy" onderskei nie. Die twee antwoorde is as een antwoord aangebied. Kandidate het nie by die "steeds kla" en die "klem op die koper" gekom nie.

9.2.1 Kandidate het "vrou" met "meisie / nooi" verwar.

9.2.2 Die spelvorm van "kwatryn" was problematies, bv. "quatrein" of "quatrain".

9.2.4 (b) Die fokus was op " 'n vrou in elke geur", maar kandidate het dit omgeruil met " 'n geur in elke vrou".

9.2.6 (b) Kandidate het die "nartjie" of die "sap van die nartjie" genoem i.p.v. "nartjie**skil**".

9.2.6 (c) Kandidate het geskryf "hoe ***hy*** 'n vrou kan troos" i.p.v. "hoe 'n vrou kan troos". Kandidate het ook na die "Swart Umfolozi-rivier" verwys i.p.v. "Swartfoloos" soos dit in die gedig voorkom.

9.2.8 Die Engelse "refrain" is dikwels gebruik i.p.v. "refrein".

9.2.9 <u>Ellips</u>: Kandidate het nie verstaan dat hierdie ellips aandui dat die spreker "sukkel

om te onthou". Hulle het eerder genoem dat hy nie klaar gepraat het nie. Uitroepteken: Kandidate kom by die emosie (bv. blydskap / verwondering), maar dui nie aan waaroor die spreker opgewonde was nie.

**(c)Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning**

- Kandidate moet aangemoedig word om die gedig in die vraestel deeglik te lees en antwoorde op die inhoud van die gedig te baseer.
- Verskil-vrae (verwys na verskillende versreëls, bv. by vraag 9.1.6): Kandidate moet in hul antwoorde na "reëls 1-35" en na "reëls 36-39" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie versreëls apart neer te skryf en dan iets oor elke groep versreëls skryf.
- Die instruksies by vrae wat verwag dat kandidate na twee aparte aspekte verwys (vraag 9.1.8), moet deeglik onderrig word. Kandidate moet in hul antwoorde na "nog" en na "jy" verwys. Hulle moet aangemoedig word om hierdie twee woorde neer te skryf.
- Onderwysers moet begrippe soos "strofes" en versreëls" deeglik onderrig sodat kandidate verstaan as daar na bv. strofe 5 verwys word. 'n Strofe kan ook uit een versreël bestaan (soos in "Ken jy die see") en moet dus in ag geneem word wanneer strofes getel word.
- Kandidate moet daarvan bewus gemaak word dat die nommerstelsel, soos dit op die vraestel verskyn, met hul antwoorde ooreenstem.
- Onderwysers moet leerders bewus maak daarvan dat kandidate nie hul name, voorletters of enige persoonlike inligting op of in hul antwoordboeke moet skryf nie – selfs ook nie waar hulle foute begaan het nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.**

- Siende dat hierdie nuwe gedigte is, kan die vakadviseurs 'n leidende rol speel.
- Daar moet op die Afrikaanse spelvorms van begrippe gefokus word, bv. "kwatryn" i.p.v. "quatrain / quatrein".